# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA.

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Thursday, 15th May, 1952. WINDHOEK Donderdag, 15 Mei 1952. No. 1680.


CONTENTS


*Bladsy*

PROCLAMATION—

No. 86 (Union). Grant of Further Concessions in Customs Tariff Rates under section *six* of the Geneva General Agreement on Tariffs and Trade Act, 1948. . . . . . 2892

GOVERNMENT NOTICE—

No. 1059 (Union). Rates of Customs Duties Payable in terms of the Geneva General Agreement on Tariffs and Trade Act, 1948: Amendment of Government Notice No. 1193 of 1948, as amended. . 2893


INHOUD


*Page*

PROKLAMASIE—

No. 86 (Unie). Vergunning van Verdere Toegewings in Doeanetariewe ingevolge artikel *ses* van die Wet op die Geneefse Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, 1948. . . . . 2892

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 1059 (Unie). Doeaneregte Betaalbaar kragtens die Wet op die Geneefse Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel 1948: Wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1193 van 1948, soos gewysig. . 2893


## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 86 of 1952 (Union).]

GRANT OF FURTHER CONCESSIONS IN CUSTOMS TARIFF RATES UNDER SECTION *SIX* OF THE GENEVA GENERAL AGREEMENT ON TARIFFS AND TRADE ACT, 1948 (ACT No. 29 OF 1948).

WHEREAS the Government of the Union of South Africa have agreed to grant further concessions in customs tariff rates in respect of specified goods produced or manufactured in the territory of the Federal Republic of Germany on their importation into the Union, in consideration of equivalent privileges in respect of goods imported from the Union into the said territory:

AND WHEREAS the said further concessions in customs tariff rates are provided for in Schedule XVIII annexed to the First Protocol of Supplementary Concessions to the General Agreement on Tariffs and Trade;

AND WHEREAS the Governments of the Union of South Africa and the Federal Republic of Germany signed the said Protocol on the 25th April, 1952:

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 86 van 1952 (Unie).]

VERGUNNING VAN VERDERE TOEGEWINGS IN DOEANETARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL *SES* VAN DIE WET OP DIE GENEEFSE ALGEMENE OOREENKOMS OOR TARIEWE EN HANDEL (WET No. 29 VAN 1948).

NADEMAAL die Regering van die Unie van Suid-Afrika toegestem het om verdere doeanetarieftoegewings ten opsigte van gespesifiseerde goedere geproduseer of vervaardig in die gebied van die Federale Republiek Duitsland, toe te staan by hulle invoer in die Unie as teenprestasie vir gelykwaardige voorregte ten opsigte van goedere wat uit die Unie in genoemde gebied ingevoer word;

EN NADEMAAL voorsiening vir genoemde verdere doeanetarieftoegewings in Lys XVIII, vervat in die bylae van die Eerste Protokol van Bykomende Konsessies tot die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, gemaak word:

EN NADEMAAL die Regerings van die Unie van Suid-Afrika en die Federale Republiek Duitsland genoemde Protokol op 25 April 1952 onderteken het;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers vested in me by section *six* of the Geneva General Agreement on Tariffs and Trade Act, 1948 (Act No. 29 of 1948), I hereby declare that the further concessions in customs tariff rates set forth in Schedule XVIII annexed to the First Protocol of Supplementary Concessions to the General Agreement on Tariffs and Trade shall with effect from the 25th May, 1952, be applied provisionally in relation to the territories of parties to the General Agreement on Tariffs and Trade set out in the Schedule to Proclamation No. 119 of 1948, as amended from time to time.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this seventh day of May, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
*Governor-General.*

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses* van die Wet op die Geneefse Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, 1948 (Wet No. 29 van 1948), hierby verklaar dat die verdere doeanetarieftoegewings soos gemeld in Lys XVIII wat in die bylae van die Eerste Protokol van Bykomende Konsessies tot die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel vervat word, met ingang van 25 Mei 1952 voorlopig toegepas word met betrekking tot die gebiede van partye by die Ooreenkoms gemeld in die Bylae van Proklamasie No. 119 van 1948, soos van tyd tot tyd gewysig.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die sewende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
*Goewerneur-generaal.*

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 1059 (Union).] [15th May, 1952.

RATES OF CUSTOMS DUTIES PAYABLE IN TERMS OF SECTION *SEVEN* (1) OF THE GENEVA GENERAL AGREEMENT ON TARIFFS AND TRADE ACT, 1948 (ACT No. 29 OF 1948).—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1193 OF THE 7th JUNE, 1948, AS AMENDED.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *seven* of the Geneva General Agreement on Tariffs and Trade Act, 1948 (Act No. 29 of 1948), the Schedule to Government Notice No. 1193 of the 7th June, 1948, is with effect from the 25th May, 1952, further amended by the addition of the following:—

| *Tariff Item Number.* | *Article.* | *Rates of Duty to be Collected in Place of—* *Minimum Duty.* | *Intermediate Duty.* |
|---|---|---|---|
| | | £ s. d. | £ s. d. |
| 138 | Railway construction or equipment requisites: | | |
| ex (b) | Goods wagons, *ad valorem* | — | Free |
| 144 | Tanks: | | |
| (b) | Other, of metal, *ad valorem* | — | 17½% |

NOTE.—The effect of this notice is that the lower rates of duty set forth under the additional tariff items apply in respect of goods produced or manufactured in all the territories enumerated in Government Notice No. 1193 of the 7th June, 1948, with effect from 25th May, 1952.

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 1059 (Unie).] [15 Mei 1952.

DOEANEREGTE BETAALBAAR KRAGTENS ARTIKEL *SEWE* (1) VAN DIE WET OP DIE GENEEFSE ALGEMENE OOREENKOMS OOR TARIEWE EN HANDEL, 1948 (WET No. 29 VAN 1948).—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1193 VAN 7 JUNIE 1948, SOOS GEWYSIG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, kragtens subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet op die Geneefse Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, 1948 (Wet No. 29 van 1948), die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 1193 van 7 Junie 1948, met ingang van 25 Mei 1952, verder gewysig word deur die volgende by te voeg:—

| *Tariefitemnommer.* | *Artikel.* | *Regte wat ingevorder word in plek van—* *Minimum reg.* | *Intermediêre reg.* |
|---|---|---|---|
| | | £ s. d. | £ s. d. |
| 138 | Spoorwegkonstruksie- of -toerustingbenodigdhede: | | |
| ex (b) | Goederwaens, *ad valorem* | — | Vry |
| 144 | Tenke: | | |
| (b) | Ander, van metaal, *ad valorem* | — | 17½% |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die laer regte gemeld in die addisionele tariefitems op goedere geproduseer of vervaardig in al die gebiede genoem in Goewermentskennisgewing No. 1193 van 7 Junie 1948, met ingang van 25 Mei 1952 van toepassing is.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek